

8 Augustus 2014

**Aan al die Gemeentes
NG Kerk Vrystaat**

Genade en vrede vir julle!

Dit is 'n week ná ons Buitengewone Sinodesitting by Kiepersolrant, Bloemfontein. Ons wil baie dankie sê aan elke gemeente wat afgevaardigdes hierheen gestuur het: vir tyd, moeite en fondse wat gegee is om die vergadering by te woon en konstruktief daaraan deel te neem. Ons het 2 Korintiërs 1:3-4 en Johannes 17:11 met mekaar gedeel: die sekerheid dat God Hom in alle omstandighede en tye oor ons ontferm en ons daarin wil bemoedig met die boodskap van Sy genade wat vir ons genoeg is juis wanneer ons swak is (2 Korintiërs 12:8), dat ons getroos mag wees omdat Jesus vir Sy kerk en haar bewaring tot die Vader gebid het. Die NG Kerk Vrystaat, gemeentes, leraars en lidmate beleef inderdaad 'n baie moeilike tyd: ons wag op reën, ekonomies gaan dit baie swaar, menseverhoudinge is onder groot druk, misdaad en geweld laat ons diep besorgd. Al hierdie faktore beïnvloed die lewens van ons as gemeentes en ons bediening in die dorp of stad waar die Here ons geroep en bevestig het. Dit is in 'n tyd soos nou dat ons geloof, hoop en liefde getoets word. Kan ons mekaar bemoedig?

Die Buitengewone Sinodesitting van verlede week was ook vir ons so 'n toets. Ons moes aanhoor dat die versorging van armes, bejaardes en kinders – die werk van ENGO (vroeër die KMD) – onder druk verkeer en dat ons die toekoms hiervan goed sal moet beplan. Daar was 'n intense gesprek oor die Sinodale Kerkargief, in 'n soeke om 'n adres te vind waar die kosbare dokumentasie uit ons verlede bekostigbaar bewaar en bestudeer kan word. Hieroor is 'n gesamentlike taakspan aangewys bestaande uit die Moderamen en die Eenheid vir Ondersteuning, wat later vandeemaand tydens 'n gesamentlike vergadering, hieraan aandag gaan skenk.

Ons sinodesitting het egter veral oor die besluitnemingsproses rakende 'n moontlike nuwe Artikel 1 vir ons Kerkorde en waarin die Belydenis van Belhar opgeneem word, gegaan. Vier aspekte daarvan was ter sake:

- om die dokumentasie soos deur die Algemene Sinode deurgegee, te ontvang en ons eie proses daarmee te begin;
- om inligting deur te gee oor die agtergrond en verloop van hierdie besluitnemingsproses oor die voorgestelde nuwe Artikel 1;
- om inligting deur te gee oor die kerkordelike vereistes waaraan die proses moet voldoen sodat alles korrek en billik geskied; en
- om geleentheid te gee dat verskillende standpunte oor die voorgestelde nuwe Artikel 1 beredeneer en bespreek kon word.



Ons is tevrede dat alle kante deeglik aangehoor is en dat die nodige inligting nou deurgegee kan word. Tydens die sitting het ons gepoog om die waardes waarop ons verlede jaar in Bothaville met mekaar ooreengekom het, te handhaaf: dat hierdie hele proses:

- inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop;
- eerlik en openhartig;
- in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue;
- met 'n opregte gebed dat daar heling in kerke sal kom; en
- in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus.

Ons het egter ook verlede week by Kiepersolrant besef hoe moeilik so 'n gesprek verloop, al wórd daar aan alle kante met erns na 'n antwoord gesoek. Daarom wil ons opnuut 'n beroep doen op alle leraars, kerkrade en u as gemeentes om hierdie proses met groot verantwoordelikheid te hanteer, kalm en met 'n opregte sensitiwiteit. Kom ons luister na mekaar en help mekaar hierdeur, sonder om enigiemand in die gemeentes te kwets òf te verloor; kom ons hou mekaar vas en koester ons eenheid in Christus. Dit beteken ook dat ons aan mekaar ruimte sal gee om op 'n liefdevolle manier van mekaar te kan verskil.

Die besluitnemingsproses wat ons hier in die NG Kerk Vrystaat gaan volg, is in ooreenstemming met ons besluit van Bothaville, déél van die proses in die Algemene Sinode van die NG Kerk om tot 'n besluit oor die Belydenis van Belhar te kom. Nogtans doen ons dit op 'n eie manier, wat ons konteks in ag wil neem, ter wille van onself en nie om aan ander se verwagtinge te voldoen nie. In dié verband vestig ons u aandag op die brief van die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM), wat in ons Agenda (bladsy 15, punt 3) opgeneem was en onder andere stel:

“3.1 Die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is 'n konsensus-voorstel van die Algemene Sinode.

3.2 Die voorstel gee uitdrukking aan die NG Kerk se standpunt oor die wyse waarop Belhar en ander eietydse belydenisse in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem kan word (dit verwoord die NG Kerk se konfessionele identiteit).

3.3 Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil die vryheid aan/ruimte vir lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge gee om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil eweneens aan lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge die vryheid/ruimte gee om nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie. Die voorstel skep dus ruimte na beide kante.

3.4 Die voorstel wil die eenheid dien en verdeeldheid en skeuring ten alle koste voorkom.

3.5 Die voorstel neem die diversiteit in konteks wel deeglik in ag (dit verskil van sinode tot sinode en ook binne sinodes).

3.6 Die voorstel wil op geen wyse lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar, hetsy ten gunste daarvan of daarteen, dwing nie (die keuse daarvoor geskied na eie oortuiging en in vryheid).

3.7 Die Algemene Sinode 2013 se besluit oor 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde is die voorstel wat deur lidmate, kerkrade en sinodes goedgekeur moet word alvorens die Algemene Sinode die wysiging van die huidige Artikel 1 dienooreenkomstig kan bekragtig...”

Skriba: Tel: +27 (0) 84 582 8002 | Faks: +27 (0) 51 773 0014 | E-pos: carinvs@vodamail.co.za | Posbus 202 | Philippolis 9970

Voorsitter (Wnd): Tel: +27 (0) 82 749 5052 | E-pos: helgardjvrensburg@vodamail.co.za | Posbus 22 | Villiers 9840

Ondervoorsitter (Wnd): Tel: +27 (0) 82 784 9362 | E-pos: janlageland@yahoo.com | Posbus 11412 | Universitas 9321



Ons sluit by hierdie skrywe aan u as gemeentes, ook die volgende dokumentasie in wat u deur die proses sal begelei:

- Die volledige verslag van die Moderamen wat voor die Buitengewone Sinode gedien het **(Bylaag 1)**.
- Die volledige besluite wat deur die Buitengewone Sinode geneem is, asook die tydraamwerk soos vasgestel **(Bylaag 2)**.
- 'n Bondige uiteensetting van hoe die proses in julle gemeentes kerkordelik moet verloop **(Bylaag 3)**.
- Die standpuntstelling van die twee inleiers oor die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde **(Bylae 4 A & B)**.
- 'n Kontrolelys wat in die kerkraad en deur die ring gebruik kan word om te verseker dat alle stappe **binne die tydraamwerk**, korrek gevolg en afgehandel is **(Bylaag 5)**.
- Reglement 24, stembriewe, vorm en gereedskapskis **(Bylaag 6)**.
- Die gesamentlike verklaring wat deur die moderature van die NG Kerk én die VGKSA uitgereik is nádat laasgenoemde op die besluit van die Algemene Sinode 2013 gereageer het **(Bylaag 7)**.

Ons wil met al die dokumentasie julle as leraars, kerkrade en gemeentes in staat stel om die proses tuis te kan bestuur. Let asseblief op die **tydraamwerk**: die derde kwartaal is geormerk vir die deurgee van inligting en voorbereiding in kerkrade en gemeentes vir die proses, asook vir die ringe om die monitering te reël; die vierde kwartaal vir die voorgeskrewe proses van besluitneming. **Waak asseblief teen oorhaastigheid, sodat daar nie kerkordelike “foute” in julle gemeentes gemaak word wat die proses vir juisself gaan bemoeilik en dit dan nog verder uitrek nie.** Ons sou ook aanbeveel dat julle die jongste uitgawe van die *Kerkbode* (1 Augustus 2014) bestel en aan lidmate besorg – dit sit op 'n baie duidelike manier die hele saak uiteen. Ons help graag indien u onseker is oor enige ander aspekte: julle kan gerus die Interimkomitee van die Moderamen kontak by carinvs@vodamail.co.za met enige navrae; ons is ook bereid om indien nodig en op uitnodiging, gemeentes hieroor te besoek.

Vriendelike groete in Christus, wat self Sy Kerk in stand hou, versorg en lei.


Dr Carin van Schalkwyk
SKRIBA


Ds Helgard J van Rensburg
VOORSITTER (Wnd)


Ds Jan Lubbe
ONDERVOORSITTER (Wnd)

Skriba: Tel: +27 (0) 84 582 8002 | Faks: +27 (0) 51 773 0014 | E-pos: carinvs@vodamail.co.za | Posbus 202 | Philippolis 9970
Voorsitter (Wnd): Tel: +27 (0) 82 749 5052 | E-pos: helgardjvrensburg@vodamail.co.za | Posbus 22 | Villiers 9840
Ondervoorsitter (Wnd): Tel: +27 (0) 82 784 9362 | E-pos: janlageland@yahoo.com | Posbus 11412 | Universitas 9321

